

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

1

Kwartaal 4



Grootboek



Kwartaal 4

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Grootboek



Inhoud

Huise

Week 1	Lewensvaardigheid: Verskillende Suid-Afrikaanse huise.....	1
	Gedeelde Leesstorie: Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het	2
Week 2	Lewensvaardigheid: Boumateriale vir huise.....	6
	Gedeelde Leesstorie: Drie speelhuise.....	7

Prentekaarte

Week 3	Lewensvaardigheid: 'n Kaart van die dieretuin.....	11
	Gedeelde Leesstorie: 'n Besoek aan die dieretuin.....	12
Week 4	Lewensvaardigheid: Dierelegkaarte.....	16
	Gedeelde Leesstorie: Wilde diere.....	17
	Gedeelde Leesstorie: Diereraaisels.....	20

Water

Week 5	Lewensvaardigheid: By die watergat	21
	Gedeelde Leesstorie: Hoe Ezra sy slurp gekry het.....	22
Week 6	Lewensvaardigheid: Die gebruik van water by die huis	26
	Gedeelde Leesstorie: Die groot vis.....	27

Die naghemel

Week 7	Lewensvaardigheid: Dag en nag.....	31
	Gedeelde Leesstorie: Twee blink, silwer jasse	32
Week 8	Lewensvaardigheid: Die maan.....	36
	Gedeelde Leesstorie: Loop op die maan.....	37

Spesiale dae

Week 9	Lewensvaardigheid: Nuwejaarsdag.....	41
	Gedeelde Leesstorie: Klein Ster	42

Verskillende Suid-Afrikaanse huise



Week 1 Lewensvaardigheid

- Wat maak van 'n gebou 'n huis?
- Het jy al huise soos in die foto's gesien? Waar?
- Watter huis lyk amper soos jou huis? Hoe is dit dieselfde?
- Hoe verskil die huise van mekaar? (*grootte, kleur, vorm, materiale*)
- Wat as jy nie 'n huis het nie?

Die ou vrou wat in 'n skoen gebly het

Week 1

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- In watter tipe huis het die ou vrou gebly?
- Hoekom het die ou vrou gebrom?
- Met wie het die ou vrou gepraat?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **huis** en **brom**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Glo jy in feetjies? Sê hoekom, of hoekom nie.
- Wat sou die feetjie vir die ou vrou gee?
- Wat moes die ou vrou ophou doen? Hoekom?
- Hoekom dink jy wou die ou vrou alles hê? Hoekom?



Dag 1: Begrip

- Wat het die feetjie in die boonste prent vir die vrou gegee?
- Waaroor het die feetjie die ou vrou gewaarsku?
- Wat het die ou vrou in die onderste prent gekry?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **groot** en **swembad**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **h**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wanneer moet ons dankbaar voel?
- Waarvoor moet ons dankbaar wees?
- Wat, dink jy, gaan die feetjie volgende vir die ou vrou gee?
- Pare: Wat sou jy doen as jy die feetjie was?



Hierdie huisie is te klein. Ek wil 'n groot huis hê.

Ek sal vir jou 'n groot huis gee, maar onthou wat ek vir jou gesê het.



In hierdie groot huis moet meer kamers wees en dit moet 'n swembad hê. Ek wil 'n baie groot huis hê.

Ek sal vir jou 'n baie groot huis gee, maar jy moet regtig dankbaar wees.

Dag 1: Begrip

- Watter tipe huis wou die ou vrou hê?
- Dink jy die ou vrou sou die feetjie se wens laat waar word?
- Dink jy die ou vrou sou 'n koningin wees as sy 'n paleis sou kry om in te woon?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **paleis** en **kwaad**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die k-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Dink jy die ou vrou is gierig?
- Wat doen gierige mense? Hoe voel gierige mense?
- Is dit sleg om gierig te wees? Sê hoekom, of hoekom nie.
- Is gierige mense ooit gelukkig?



Die feetjie was so kwaad dat sy net na die ou vrou gekyk het en niks gesê het nie. Wat gaan die feetjie volgende doen?

Dag 1: Begrip

- Watter tipe huis wou die ou vrou hê?
- Dink jy die ou vrou sou die feetjie se wens laat waar word?
- Dink jy die ou vrou sou 'n koningin wees as sy 'n paleis sou kry om in te woon?
- Wat het die ou vrou gedoen om die feetjie kwaad te maak?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **schoen** en **feetjie**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **w**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Wat sou jy gedoen het as jy die ou vrou was? Wat sou jy gedoen het as jy die feetjie was?
- Het jy aan die einde vir die ou vrou jammer gevoel? Sê hoekom, of hoekom nie.
- Wat sou jy graag wou hê 'n feetjie moet vir jou gee?




Ja! Die ou vrou was terug
in haar skoene! En sy het nooit
weer die feetjie gesien nie.

Boumateriale vir huise



hout



sinkplate




vloerteëls



bakstene



sement



glas



staal

Week 2

Lewensvaardigheid

- Watter verskillende boumateriale het die bouer gebruik om die huis te bou?
- Waar het hy elk van die verskillende boumateriale gebruik? Wys na die plek op die huis.
- Van watter materiale is jou huis gebou?

Drie speelhuise

Ons nuwe stoof was in 'n groot kartondoos verpak. Ons het die kartondoos in 'n huis verander sodat ons daarin kon speel.



Week 2 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het die kinders met die groot kartondoos gemaak?
- Wat het hulle in die kartondoos gedoen?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **stoof** en **kartondoos**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die s-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Watter speletjies sal jy in 'n groot kartondoos speel?
- Wat sou jy met 'n kartondoos maak?
- Hoe sal jy dit maak?

Ons het sand, klippe, lang gras en modder op ons erf. Ons het 'n klein huisie gebou.

Week 2 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het die kinders gemaak?
- Watter boumateriale het hulle gebruik? Waar het hulle dit gekry?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **sand** en **modder**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **k**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Watter tipe huis sal jy graag wil bou?
- Watter hulpbronne sal jy gebruik om jou huis mee te bou?
- Hoe sal jou huis lyk?
- Wie gaan almal in jou huis woon?



Raai wie woon in ons huis!



Pa het hout, spykers en tou gekoop om 'n boomhuis te bou. Ons het die motorhuis opgeruim.



Week 2 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het Pa gekoop?
- Wat het Pa gemaak?
- Wat het die kinders gedoen om te help?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **spykers** en **boomhuis**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **o**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Het jy al ooit vir jou ma of pa gehelp om iets te maak? Wat het julle gemaak? Wat het jy gedoen om te help?
- Wat sal jy graag uit hout wil maak?
- Hoekom moet jy versigtig wees wanneer jy help met dinge soos hout- of bakwerk?

Dag 1: Begrip


- Watter plan het die kinders gemaak om in die boomhuis te kom?
- Was die boomhuis hoog in die boom? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **deur** en **venster**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Wat sal jy in 'n boomhuis sit?
- Wat sal jy graag in 'n boomhuis wil doen?



Ons het die mooiste boomhuis! Dit het 'n deur en 'n venster.

'n Kaart van die dieretuin



Week 3

Lewensvaardigheid

- Waar gaan 'n mens by die dieretuin in?
- Watter kant toe draai jy om by die seekoei te kom? Links of regs?
- By watter diere loop jy verby om by die kameelperd uit te kom?
- Watter diere is naby water?
- Wys vir my hoe jy van die hek af tot by die piekniektafels sal kom.
- Verduidelik hoe om van die piekniektafels tot by die krokodil te kom.

'n Besoek aan die dieretuin

Toe ons by die dieretuin kom, het ons eerste die apies gesien.

Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarheen het die kinders gegaan?
- Watter diere het die kinders eerste besoek?
- Wat het die apies gedoen?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **apies** en **takke**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Sal jy daarvan hou om na 'n dieretuin te gaan? Hoekom?
- Watter diere wil jy graag sien?
- Van watter dier hou jy die meeste?
- Pare: Dink jy diere hou daarvan om in dieretuine te bly?



Die apies het in die bome geklim en aan die takke geswaai. Mamma-apies het hulle babas gedra.

Daarna is ons na 'n baie groot deel van die dieretuin wat soos die veld gelyk het.



Week 3
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Watter diere kan jy in die prent sien?
- Hoekom is hierdie diere in 'n groot deel van die dieretuin?
- Hoe weet jy dat die olifant haar baba oppas? (sy staan baie naby aan haar baba)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **veld** en **sebras**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **n**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe groot, dink jy, is die olifant? Is dit so lank soos 'n boom? Groter as 'n motor? So hoog soos 'n dubbelverdieping-gebou?
- Watter diere is naby die heining en watter diere is ver weg?
- Hoe weet jy dat party diere ver weg is? (Hulle is baie kleiner.)

Ons het 'n groot ma-olifant met haar baba naby die heining gesien. Ver weg het ons sebras en kameelperde gesien.

Ons het 'n dier baie
hard hoor brul. Ons het
gehardloop om te sien
wat dit was.

Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip


- Hoekom het die kinders gehardloop?
- Watter dier het hulle gesien?
- Hoe het hulle gevoel?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **brul** en **leeu**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **d**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoekom het party kinders van die leeu af weggehardloop?
- Pare: Was jy al ooit bang vir 'n dier? Watter dier was dit?
- Wat het die dier gedoen? Wat het jy gedoen?



'n Leeu! Hy het so kwaai
gelyk dat party van ons
weggehardloop het.

In 'n groot meer kon ons eers niks in die water sien nie. Toe sien ons iets wat lyk soos 'n houtstomp wat op die water dryf. Dit was 'n krokodil!



'n Seekoei het sy groot mond oopgemaak en sy tande vir ons gewys.

Week 3

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Watter dier het die kinders op land gesien?
- Watter dier het die kinders in die water gesien?
- Hoekom was dit moeilik om die krokodil in die water te sien?
- Hoekom eet die krokodil nie die seekoei nie?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **krokodil** en **seekoei**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **s**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Dink jy krokodille kan op land gaan? (Krokodille kan redelik vinnig op land hardloop.)
- Dink jy krokodille is gevaarlik? Sê hoekom, of hoekom nie. (Krokodille is baie gevaarlike diere, want hulle val mense in die water en op land aan.)
- Dink jy seekoeie is gevaarlik? Sê hoekom, of hoekom nie. (Seekoeie is baie gevaarlike diere, want hulle is baie groot en kwaai en kan mense op land of in bote aanval as hulle in hulle pad kom.)

Dierelegkaarte

Watter dier is dit?



Week 4

Lewensvaardigheid

- Wat is 'n vergrootglas? (dit laat dinge groter lyk)
- Party dinge lyk anders wanneer dit vergroot is.
- Hierdie foto's wys die vergrote velle en dele van diere.
- Na watter dier wys elke foto?
- Pas die prente van diervelle by die regte diere.

Wilde diere



Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat doen die apie?
- Hoe bly die apie veilig?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **eiers** en **paddas**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die i-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe verskil ape en leeus?
- Pare: Dink jy ape is slim? Sê hoekom, of hoekom nie.

Ek is 'n aap. Ek eet
amper enige iets – voëls,
eiers, paddas, vrugte en
insekte. Ek klim boom om
veilig te bly.

Ek is 'n olifant. Ek gebruik my slurp om gras uit te trek en om van bome te eet.

Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip


- Wat is spesiaal omtrent kameelperde? (*langste nek*)
- Wat is spesiaal omtrent olifante? (*grootste dier op land/gebruik lang slurpe om asem mee te haal en kos mee op te tel*)
- Watter ooreenkomste is daar tussen olifante en kameelperde? (*beide eet blare, gras, klein takkies en vrugte, geen vleis nie*)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **slurp** en **nek**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die k-klank eindig.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe verskil olifante en kameelperde?
- Waar in Suid-Afrika kan jy kameelperde en olifante sien? (*dieretuine, wildreservate, wildplase*)
- Pare: Dink jy ons behoort diere soos kameelperde en olifante te beskerm? Sê hoekom, of hoekom nie.



Ek is 'n kameelperd. Ek het 'n lang nek om hoog na die bome te rek om blare te eet.

Ek is 'n krokodil. Ek woon
in riviere en mere. Ek lê
baie stil en wag vir prooi.

Week 4
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Watter dier bly in die water?
- Watter dier eet vleis en watter dier eet nie vleis nie?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **riviere** en **blare**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **n**-klank eindig.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al ooit 'n seekoei of 'n krokodil gesien? Waar het jy hulle gesien?
- Watter ooreenkoms is daar tussen seekoeie en krokodille? (*Hulle is albei gevaarlike diere.*)
- Hoe verskil seekoeie en krokodille? (*Krokodille eet vleis en seekoeie nie; krokodille het skubbe en seekoeie het 'n dik, grys vel.*)



Ek is 'n seekoei. Ek hou
daarvan om in die dag in die
water te wees. In die nag eet
ek blare en gras op die land.

Diereraaisels



Ek woon in riviere
en mere. Ek lyk
soos 'n houtstomp
wat in die water
dryf. Wat is ek?

Ek is die grootste dier
wat op die land bly.
Ek kry kos met my
slurp. Wat is ek?

Ek is slim.
Ek kan klim,
swaai en in
bome speel.
Ek eet
enige iets.
Wat is ek?

Ek bly naby
riviere en mere.
Ek is baie
groot en swaar.
Wat is ek?

Ek is die koning
van al die diere.
Ek eet vleis. Ek
brul baie hard.
Wat is ek?

Ek is die
langste
van al
die diere.
Ek het
'n baie
lang nek.
Wat is ek?

By die watergat



Week 5

Lewensvaardigheid

- Watter diere kan jy by die watergat sien?
- Waarvoor gebruik die verskillende diere die water? (*drink – al die diere; afkoel – seekoei en olifant; was – olifante*)
- Sou mense hierdie water kon drink? Hoekom, of hoekom nie?

Hoe Ezra sy slurp gekry het

Ezra was dors. Hy het na die
watergat gegaan. Hy het
geen krokodille gesien nie,
en het begin water drink.

Week 5

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip


- Hoekom het Ezra na die watergat gegaan?
- Moes Ezra alleen gegaan het? Hoekom nie?
- Kan jy die krokodil sien? Wat, dink jy, gaan gebeur?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **dors** en **drink**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **d**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Dink jy Ezra was 'n stout olifant? Hoekom?
- Pare: Wat sê jou ma of pa vir jou om nie te doen nie? Hoekom?



Krokodil het vinnig onder die water geswem. Hy het vir Ezra gegryp om hom in te trek. Ezra het om hulp geroep.



Week 5
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Watter deel van Ezra het die krokodil gegryp?
- Hoekom wou die krokodil hom in die water hê?
- Waarom het Ezra nie gesien dat die krokodil kom nie?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **vinnig** en **hulp**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **p**-klank eindig.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Is Ezra bang? Wat laat jou so dink?

Dag 1: Begrip

- Wie, dink jy, gaan sterker wees?
- Watter diere het vir Ezra gehelp?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **help** en **diere**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek die woord wat met die **k**-klank begin.


Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoekom, dink jy, help al die diere vir Ezra?
- Pare: Help jy soms ander kinders? Vertel vir jou maat.



Party diere het kom help.
Krokodil het getrek en
getrek. Ezra en die ander
diere het getrek en
getrek.

Uiteindelik was Ezra vry.
Die diere was tevrede.
Maar toe sien hulle sy
lang, lang slurp. Ag nee!



Week 5

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waarom was die diere tevrede?
- Hoekom was die diere verbaas?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **tevrede** en **lang**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die s-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Weet jy wat hierdie tipe storie genoem word? ('n fabel)
- Is dit 'n ware verhaal? Hoekom, of hoekom nie?
- Pare: Hoe kan Ezra sy lieflike lang slurp gebruik?

Maar Ezra het nie
omgegee nie. Hy het van
sy lang slurp gehou.

Die gebruik van water by die huis



Week 6

Lewensvaardigheid

Prent 1

- Waar is hierdie gesin? Dink jy hulle het 'n binnekraan? Hoekom?
- Hoe gebruik hulle water? (*drink, was baba, was klere*)
- Waarvoor anders, dink jy, gebruik hierdie gesin ook water? (*kook, was hande, en so aan*)
- Is water uit 'n pomp veilig om te drink?

Prent 2

- Waar is hierdie gesin? Hoe gebruik hulle water? (*drink, was hande, was skottelgoed, was klere, was kar*)
- Waarvoor anders, dink jy, gebruik hierdie gesin ook water? (*was, bad, stort, tande borsel, toilet spoel, en so aan*)
- Is water uit 'n kraan veilig om te drink?

Die groot vis

Deon en Johan het by die dam gaan visvang. Hulle wou 'n paar visse vang.



Deon het gevoel hoe iets hard aan sy lyn trek.

Week 6

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Waarheen het Deon en Johan gegaan om vis te vang?
- Hoekom, dink jy, wou hulle 'n paar visse vang?
- Wat het aan Deon se lyn getrek?
- Waarheen het die groot vis vir Deon getrek? (dieper die dam in)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **hard** en **lyn**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die v-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat sal gebeur as die vis vir Deon dieper in die dam intrek?
- Pare: Wat, dink jy, moet Deon doen? Wat sou jy doen?
- Is dit moeilik om 'n groot vis te vang? Hoekom, of hoekom nie?
- Eet jy vis? Is dit goed vir jou?

Deon het agter die groot vis aangegaan. Skielik was hy in die diep water.

Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom het Deon diep in die dam ingegaan?
- Wat het Deon geskree?
- Hoe het Johan vir Deon probeer help?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **stomp** en **vriend**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat sal Deon nodig hê om sy kop bo die water te hou?
- Pare: Wat moet Johan doen om vir Deon te help? Wat sal jy doen?



Johan het 'n groot stomp gekry en dit na sy vriend toe gestoot om aan vas te hou.

Deon het aan die stomp vasgehou.



Johan het so vinnig soos hy kon na die naaste huis gehardloop. Hy het vir twee mans gesê dat sy vriend hulp nodig het.

Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Waaraan het Deon vasgehou? Hoekom?
- Waarheen het Johan gehardloop?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **naaste** en **gehardloop**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **h**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoekom het Johan grootmense om hulp gevra?
- Pare: Vertel van 'n keer wat jy iemand gesien het wat hulp nodig gehad het. Wat het jy gedoen?

Dag 1: Begrip

- Wie het vir Deon uit die water getrek?
- Wat, dink jy, het Deon vir hulle gesê?
- Wat, dink jy, het die twee mans vir Deon gesê oor visvang in die dam?

Day 2: Decoding

- Wys flitskaarte vir die woorde **ingespring** en **uitgetrek**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **h**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat, dink jy, het met die groot vis gebeur?
- Pare: Wat, dink jy, sal die twee seuns vir hulle ouers sê?
- Dink jy die twee seuns sal weer gaan visvang? Sê hoekom, of hoekom nie.
- Sal jy graag wil gaan visvang? Hoekom, of hoekom nie.



Hulle het na die dam
aangehardloop gekom.
Hulle het ingespring en
vir Deon uitgetrek.

Dag en nag

Dag

In die dag kan jy die son sien. Die son gee hitte af en straal lig uit. Dit is 'n bal van vuur. Dit is duisende kere groter as die aarde.



Nag

In die nag kan jy die maan, sterre en planete sien. Die maan is 'n bal van rots met geen hitte of lig nie. Dit is veel kleiner as die aarde.



Week 7

Lewensvaardigheid

- Watter prent wys dag? Watter een wys nag?
- Watter een is warmer? Hoekom? Watter een is donkerder? Hoekom?
- Watter verskillende dinge doen jy in die dag en in die nag?

- Watter wesens is in die dag aktief? En in die nag?
- Wat sien jy in die daghemel?
- Wat sien jy in die naghemel?

Twee blink, silwer jasse

Daar was eendag 'n slim kleremaker wat klere kon maak wat mense van alle vorms en groottes pas. Eendag het hy 'n pragtige blink, silwer jas vir 'n baie lang, skraal man gemaak.

Week 7

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat doen 'n kleremaker?
- Hoekom is hierdie kleremaker slim?
- Hoe lyk die lang, skraal man se jas?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **lang** en **skraal**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **k**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Sal jy daarvan hou om iemand te hê wat vir jou nuwe klere maak? Van watter klere sal jy hou?
- Wat moet kleremakers doen om nuwe klere te maak? (neem mates, sny materiaal uit, stik die dele aan mekaar, en so aan)



Die kleremaker het 'n verrassing gekry toe die man sy jas kom haal het. Die man was nie meer lank en skraal nie. Hy was rond en vet!



Week 7
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom het die kleremaker 'n verrassing gekry?
- Wat het die ronde, vet man van die kleremaker geëis?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **rond** en **vet**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die v-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Kan jy dink hoekom die man van lank en skraal na rond en vet verander het?

Die kleremaker het toe 'n nuwe jas gemaak. Die jas het die ronde, vet man perfek gepas.

Week 7 Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het die kleremaker vir die ronde, vet man gemaak?
- Hoekom was die ronde, vet man tevrede?
- Wat het die kleremaker vir die ronde, vet man gevra?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **nuwe** en **perfek**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **d**-klank eindig.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Dink jy dit was 'n werklike man? Hoekom, of hoekom nie.
- Dink jy hierdie is 'n ware storie of 'n opgemaakte storie? Gee redes.



Die kleremaker het na die naghemel gekyk. Hy het gesien hoe die maan sy vorm van lank en skraal na vet en rond, en weer terug, verander.



Week 7
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat was die man in die storie?
- Hoekom het die man in die storie van vorm verander?
- Hoe het die kleremaker geweet dat die man nie werklik was nie?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **maan** en **jasse**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **n**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al na nie naghemel gekyk? Watter verskillende vorms van die maan het jy al gesien?
- Pare: Wat het die storie vir ons omtrent die maan geleer? (*Die maan lyk asof dit elke maand van vorm verander.*)

Die kleremaker het geweet dat die man nie 'n werklike man was nie. Hy was die maan. Hy het twee silwerkleurige jasse nodig gehad.

Die maan

Die maan beweeg elke maand om die aarde. Dit lyk asof die maan van vorm verander omdat dit aanhou beweeg en die son dan die heeltyd op 'n ander deel van die maan skyn. Ons het vir hierdie dele name gegee.




Week 8

Lewensvaardigheid

- Wys na die aarde, die maan en die son. Watter een is die grootste? Watter een is die kleinste?
- Waar beweeg die maan? (om die aarde) Hoe lank neem dit? ($29\frac{1}{2}$ dae)
- Hoekom sien ons elke aand ander dele van die maan? (Soos wat die maan om die aarde beweeg, verlig die son sekere dele daarvan en dit is die enigste dele wat ons kan sien.)
- Kom ons lees die name vir die verskillende fases van die maan.

Loop op die maan



Week 8

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Wie was die eerste twee mans wat op die maan geloop het?
- Hoekom het hulle 'n Amerikaanse vlag op die maan gesit? (*Hulle was van Amerika.*)
- Wat het hulle op die maan bymekaar gemaak? Hoekom? (*klippe en stof, om te kyk hoe dit van klippe en stof op die aarde verskil*)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **klippe** en **stof**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **m**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Sal jy daarvan hou om maan toe te gaan?
- Wat sal jy op die maan doen?

Neil Armstrong en Buzz Aldrin was die eerste twee mense wat op die maan geloop het. Hulle het klippe en stof versamel.

Dag 1: Begrip


- Wat sou jy sien as jy op die maan geloop het?
- Hoe lank sal jou voetspore op die maan bly? Hoekom? (vir altyd: geen lug of water om hulle te waai of weg te was nie.)
- Hoekom, dink jy, is daar geen diere, plante of mense op die maan nie? (Daar is geen lug of water op die maan nie.)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **lug** en **water**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Dink jy mense sal daarvan hou om die maan vir 'n vakansie te besoek? Sê hoekom, of hoekom nie.
- Wat moet mense met hulle saamneem as hulle die maan besoek? (lug, water, kos, spesiale kleres.)
- Hoe lank, dink jy, kan mense op die maan bly? (Aanvaar enige idees.)




Al wat hulle gesien het,
was sagte gryns stof, blink
klippe en baie gate in die
grond. Daar was geen
lug of water nie, en geen
diere, plante of mense nie.

Hulle het hulle voetspore
vir ewig
op die
maan
gelos.



Hulle het in 'n ruimtetuig na die maan gevlieg. Dit het vier dae geneem om daar te kom.



Week 8

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Trek met jou vinger waar die ruimtetuig gereis het.
- As dit vier dae geneem het om daar te kom, en vier dae om terug te kom, hoe lank het hulle altesaam gereis? (agt dae)
- Watter deel van die ruimtetuig het op die maan geland? (die maanmodule, wat 'n kleiner module binne-in die ruimtetuig was)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **gevlieg** en **vuurpyl**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek die woord wat met die r-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Was jy al ooit op 'n baie lang reis? Waarheen het jy gegaan?
- Hoe het jy gereis? (met 'n motor, bus, vliegtuig, boot of te voet)
- Hoe lank het dit jou geneem om soontoe te reis?

Dit is hoe die aarde vanaf die maan lyk.

Week 8

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Watter vorm is die aarde? (*rond*)
- Watter kleur is die aarde? (*blou*)
- Hoekom, dink jy, is die aarde blou? (*want die meeste van die aarde is water en nie land nie*)

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **aarde** en **maan**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek die woord wat met die **aa**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat is die verskil tussen die aarde en die maan? (*Die maan is baie kleiner, het geen lewende dinge nie, geen water, wolke of lug nie.*)
- Dink jy mense sal ooit op die maan kan bly? Sê hoekom, of hoekom nie. (*Aanvaar enige idees.*)
- Wat weet jy nóg van die maan? Wat sou jy nog graag van die maan wou weet?



Nuwejaarsdag

Dit neem die maan **een maand** om om die aarde te wentel. Dit neem die aarde **een jaar** om reg rondom die son te wentel. Elke nuwe jaar begin op 1 Januarie. Dit word Nuwejaarsdag genoem.



Week 9

Lewensvaardigheid

- Was jy al na 'n Nuwejaarsviering toe? Vertel vir ons daarvan.
- Wat gebeur in elke prent?

- Was jy al by enige van hierdie plekke?
- Vier julle 'n ander nuwe jaar in jul geloof? Vertel vir ons daarvan.

Klein Ster

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wanneer kan ons die sterre in die hemelruim sien?
- Hoekom kan ons nie die sterre tel nie?
- Wie het 'n spesiale ster?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **ster** en **skyn**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **s**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Hoe voel jy as jy na al die sterre in die hemelruim kyk?
- Het jy al ooit 'n baie helder ster in die hemelruim gesien?



Party mense dink ons het almal 'n spesiale ster in die hemel. Elke keer as ons 'n goeie daad verrig, raak ons spesiale ster groter en skyn helderder.

Daar was eenmaal 'n ster met die naam Klein Ster.

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe word ons spesiale sterre groter en helderder?
- Wat wou Klein Ster hê?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **groter** en **helderder**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **d**-klank eindig.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Was iemand al gaaf met jou? Vertel vir ons daarvan. Sê hoe dit jou laat voel het.
- Was jy al gaaf met 'n persoon of 'n dier? Vertel vir ons daarvan.

Hoekom
is ek so klein?
Wanneer sal ek
groot word en
helderder
skyn?

Jy sal groter
word en helderder
skyn elke keer wat
jou kind 'n goeie
daad doen.

Klein Ster het uit die hemelruim afgekyk om sy kind te sien.

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het Klein Ster ver onder op die aarde gesien?
- Waarvoor moet Klein Ster wag?
- Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **kind** en **baba**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Ken jy 'n baie gawe persoon? Wat doen hulle?
- Wat, dink jy, sal Klein Ster se kind doen?
- Wat sou jy doen as jy Klein Ster se kind was?



Een aand het Klein Ster die grootste en helderste ster in die hemelruim gesien.

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het een nag die aarde verlig?
- Wat het Klein Ster vir Ma Ster gevra?

Dag 2: Dekodering

- Wys flitskaarte vir die woorde **gaafste** en **wonderlikste**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Soek woorde wat met die **w**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Pare: Aan wie, dink jy, het die grootste, helderste ster behoort? Sê hoekom jy so dink.

Aan wie behoort hierdie pragtige helder ster?

Dit moet behoort aan die gaafste, wonderlikste persoon wat ooit op die aarde gewoon het. Ek wonder wie dit kan wees!

Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Foto-erkenings

FREEPIK: Bladsy 1: user15959949 (woonstelblok); **SHUTTERSTOCK:**

Bladsy 1: MrNovel (sinkhuis), Myphotojumble (voorstedelike huis), Luke Schmidt (landelike hut), Grobler du Preez (plaaswerkershuis), Howard Klaaste (lae-kostebehuising).

SHUTTERSTOCK: Bladsy 6: Geoff Sperring (sinkdak), CG_dmitriy (staal), Sergey Dzyuba (glas), Anton Starikov (vloerteëls); **FREEPIK: Bladsy 6:** wavebreakmedia (bakstene), msergm (plank), doomu (sinkplate), user12828770 (sement).

FREEPIK: Bladsy 16: wirestock (sebra, olifant, pou, sebravel, olifantvel), yod67 (krokodil), Gudkov (leeu), byrdyak (springbok), visionstudioua (flamink), littlestocker (krokodilvel), anbidzilya (pouveer), **Bladsy 17:** wirestock (aap), **Bladsy 18:** wirestock (olifant), master1305 (kameelperd); **SHUTTERSTOCK: Bladsy 16:** Udo Kieslich (leeu se maanhare), Aleksandar Mijatovic (flaminkvere), **Bladsy 19:** Ondrej Prosicky (krokodil), Przemyslaw Skibinski (seekoei); **iSTOCK: Bladsy 16:** photosbyjim (springbokvel).

FREEPIK: Bladsy 21: maramade (kameelperde), wirestock (sebras, olifante); **SHUTTERSTOCK: Bladsy 21:** Przemyslaw Skibinski (seekoeie).

SHUTTERSTOCK: Bladsy 31: Andrey tiyk (lug in die dag), Malinovskaya Yulia (lug in die nag).

SHUTTERSTOCK: Bladsy 36: MattLphotography (maanfases rondom die aarde), **Bladsy 38:** HelenField (maanoppervlak); **GALLO: Bladsy 37:** The Science Photo Library/USA (die maanlanding); **Digital Images Studio: Bladsy 38:** (voetspore op die maan); **FREEPIK: Bladsy 40:** (aarde vanuit ruimte).

iSTOCK: Bladsy 41: THEGIFT777 (Nuwejaar in Johannesburg); **SHUTTERSTOCK: Bladsy 41:** (Nuwejaar in Kaapstad); **GALLO: Bladsy 41:** Reuters/SIPHIWESIBEKO1 (Nuwejaar in Durban).

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-77630-647-3

Version 4: 2024



Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Grootboek, Graad 1, Kwartaal 4, CC BY 4.0.

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>



Funda Wande

Reading for Meaning



Western Cape
Government
FOR YOU

Education

 **creative
commons**
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-77630-647-3



9

781776

306473

VERSION 4.0